# Huishoudkunde – Waarheen?

deur

Prof. E. Boshoff

UBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

IUWE REEKS NR. 107

TUK 640.711
NAWROTZKI

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Huishoudkunde – Waarheen?

deur

Prof. E. Boshoff

Intreerede gelewer op 29 Julie 1976 deur professor E. Boshoff, hoof van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde.

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:

**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK**
**BURNETTSTRAAT 1096**
**HATFIELD 0083**

Prys: 70 sent

**ISBN 0 86979 007 2**

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**NUWE REEKS NR. 107**



2355631

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HUISHOUDKUNDE — WAARHEEN?

Hierdie vraagstelling ten opsigte van Huishoudkunde word beperk tot Huishoudkunde-opleiding soos dit op universiteitsvlak aangebied word en meer bepaald soos dit tans aan die Departement van Huishoudkunde en Dieetkunde van die Universiteit van Pretoria aangebied word en moontlik in die toekoms aangebied kan word.

Die rigting wat Huishoudkunde-opleiding aan 'n universiteit inslaan, het natuurlik implikasies vir die werkgewers van afgestudeerde huishoudkundiges. Daarom dat hier ook vanaand verteenwoordigers van die tradisionele werkgewers van huishoudkundiges is, naamlik die Transvaalse Onderwys Departement, die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departement van Gesondheid.

Om 'n antwoord op die vraag, "Huishoudkunde — waarheen?" te probeer kry, is dit nodig om eers antwoorde op die volgende vrae te gee: "Huishoudkunde — waarvandaan?"; "Wat is Huishoudkunde?"; "Wat is die oorkoepelende mikpunte met Huishoudkunde-opleiding?" Om verder te probeer vasstel of die huidige opleiding doeltreffend is, moet daar ook gekyk word na die samelewing waarin en waarvoor die opleiding plaasvind. Eers na die beantwoording van genoemde vrae en die verkenning van die samelewing se behoeftes, sal 'n antwoord op die vraag "Huishoudkunde — waarheen?" geformuleer word.

As antwoord op die vrae "Huishoudkunde — waarvandaan?" en "Wat is Huishoudkunde?" kan 'n kort historiese oorsig van die ontwikkeling van Huishoudkunde as akademiese dissipline in die VSA en aan die Universiteit van Pretoria gegee word. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die dissipline word ook weerspieël in definisies wat opgestel is om die vakinhoud en -grense af te baken. Dié definisies sal 'n antwoord gee op die vraag wat met "Huishoudkunde" bedoel word.

Die behoefte vir Huishoudkunde-opleiding is deur Adam en Eva geskep: ná die sondeval het hulle "vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak" (Gen. 3:7) — die eerste klere wat op aarde gemaak is.

Eeue daarna het 'n Griekse eggenoot die pligte van sy vrou soos volg omlyn (Bevier, 1924, soos aangehaal deur Quigley, 1974):

> "The Gods, as it seems to me, have plainly adopted the nature of woman for works and duties within doors, and that of man for works and duties without doors . . . and over such as have business to do in the house you must exercise a watchful superintendence . . . Whatever is brought into the house you must take charge of it; whatever portion of it is required for use, you must give out; and whatever should be laid by, you must take account of it and keep it safe . . . for the divinity knowing that he had given the woman by nature and laid upon her the office of rearing children has also bestowed upon her a greater portion of love for her newly born offspring than on the man" (Quigley, 1974, p. 14).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die Griekse en Romeinse kulture het hul stempel op die Westerse beskawing afgedruk. Die vrou in die Westerse kultuur se verantwoordelikheid was gister en is vandag nog dieselfde as dié van haar Griekse eweknie van lank gelede.

Die kennis wat die Griekse eggenoot, en mans ná hom, van hul eggenotes verwag, kom nie vanself as helder insigte met die sluiting van 'n huwelik nie. Dit moet êrens aangeleer word. Drie moontlikhede bestaan vir die bybring van die nodige kennis: die moeder, eie ondervinding en formele opleiding. Om deur eie ondervinding te leer, is dikwels 'n duur en soms pynlike proses — fisies sowel as psigies. Catherine Beecher het, volgens Quigley (1974), in haar baanbrekerwerk **A treatise on Domestic Economy** (1859) die volgende te sê gehad oor onderrig deur die moeder aan haar dogter(s) in verband met al die huishoudelike pligte wat sy as latere getroude vrou sal moet waarneem:

> "In reply to the thousand-times-repeated remark, that girls must be taught their domestic duties by their mothers, at home, it may be inquired, in the first place, What proportion of mothers are qualified to teach a 'proper' and 'complete' system of Domestic Economy? When this is answered, it may be asked, What proportion of those who are qualified, have that sense of importance of such instructions, and that energy and perseverence which would enable them actually to teach their daughters, in all branches of Domestic Economy presented in this work?" Die hoofstukke in die boek waarna sy verwys, dek onder andere die volgende onderwerpe:
>
> On domestic Economy as a branch of study
> On the care of health
> On cleanliness
> On early rising
> On domestic manners
> On the preservation of a good temper in a housekeeper
> On the habits of system and order
> On economy of time and expenses
> On fire and lights
> On washing
> On starching, ironing and cleansing
> On the care of parlors
> On sewing, cutting and mending.

Mej. Beecher sê voorts:

> "It may be asked then, How many mothers 'actually do' give their daughters instruction in the various branches of Domestic Economy? . . . a large proportion of the most intelligent mothers and those, too, who most realize the importance of this instruction, actually cannot find the time and have not the energy, necessary to properly perform the duty" (Quigley, 1974, p. 18).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Mej. Catherine Beecher het in die reeds genoemde werk aanbeveel dat "domestic economy" wat vroue van 'n las kon verlig, tot 'n wetenskap verhef moes word wat gelykstaande moes wees aan die ander wetenskappe wat vroue op daardie tydstip (1859) kon bestudeer.

Huishoudkundevakke, byvoorbeeld Naaldwerk en Kookkuns, word reeds vanaf die einde van die 18e eeu deur verskeie skole in die VSA as skoolvakke aangebied. Dis egter eers in 1869 dat Huishoudkunde vir die eerste keer op universiteitsvlak gedoseer is, en dan wel as "Domestic Economy" aan die inrigting wat tans bekend is as die Iowa State University (ISU).

Die eerste Suid-Afrikaanse huishoudkundiges het hul opleiding in die VSA of Kanada ontvang. Reeds in 1911 het mej. J. van Duyn as plaaslike voorligtingsbeampte 'n jaarverslag opgestel.

Daar was verder beurse deur die Departement van Landbou beskikbaar gestel vir mans om hul opleiding in Landbou in die VSA of Kanada te ontvang. Gedurende die jare van die Eerste Wêreldoorlog is hulle dienste egter elders benodig en is dié beurse aan dames toegeken om as huishoudkundiges te kwalifiseer. Twee dames wat hul opleiding op hierdie manier ontvang het, het later die verantwoordelikheid aanvaar om Departemente van Huishoudkunde aan Suid-Afrikaanse Universiteite te stig: mej. Ivy van der Merwe (Stellenbosch, 1925) en mej. Jess Davidtsz (Pretoria, 1927).

Dié agtergrond is nodig om aan te toon dat Huishoudkunde aan hierdie universiteit die Amerikaanse benadering tot die studiegebied as grondslag het.

Hierdie benadering is gebaseer op die definisie van die studiegebied van Huishoudkunde soos dit hierna omskryf sal word. Ook die kursusinhoud het die Amerikaanse voorbeeld as maatstaf geneem. Ek skakel daarom weer oor na die VSA om te sien hoe Huishoudkunde aan sy naam en sy veldafbakening gekom het. Die ontwikkeling vanaf die beginjare ná 1908 tot vandag sien kortliks só daaruit:

"Wat is Huishoudkunde?" Die eerste definisie is in 1857 gegee deur 'n chemiker dr. Edward Youmans, in sy boek getiteld **Household Science.** Dit lui: "Household Science has to do with the agents, the materials and the phenomena of the household" (Quigley, 1974, p. 19).

Op die aandrang van Ellen Richards word daar vanaf 1899 tot 1908 'n reeks konferensies gehou, die sogenaamde Lake Placid-Konferensies, om onder andere oor 'n naam vir die studierigting wat onder name soos "Domestic Economy", "Household Science" en andere bekend was, te besluit; om die studieveld af te baken deur middel van 'n definisie en omskrywing daarvan en om 'n georganiseerde vereniging te stig wat die belange van die studieveld sal dien.

Tydens die eerste konferensie word die naam "Home Economics" vir die nuwe studieveld gekies en later soos volg verduidelik:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Home stands for 'the place of shelter and nurture for the children and for those personal qualities of self-sacrifice for others for the gaining of strength to meet the world'. Economics stands for 'the management of this home on economic lines as to time and energy as well as to mere money' ". (McGrath and Johnson, 1968, p. 11).

By die Lake Placid-konferensie van 1902 word die volgende definisie van Huishoudkunde aanvaar:

"Home Economics in its most comprehensive sense is the study of the laws, conditions, principles and ideals which are concerned on the one hand with man's immediate physical environment and on the other hand with his nature as a social being, and is the study specially of the relation between those two factors" (Creekmore, 1968, p. 95).

Aanvanklik het die natuurwetenskappe die basis vir die "formulering van wette, toestande, beginsels en doelwitte wat betrekking het op die mens se onmiddellike fisiese omgewing en die mens as sosiale wese, met beklemtoning van die verband tussen die mens en sy omgewing" verskaf. Aangesien die natuurwetenskappe nie bemoeienis maak met die studie van die mens as sosiale wese nie, is dit logies dat die beklemtoning in die bestudering van Huishoudkunde op universiteitsvlak aanvanklik meer toegespits was op die fisiese omgewing en die verband tussen die natuurwetenskaplike aspekte van die mens en daardie omgewing. Vandaar dan ook die instelling aan die Universiteit van Pretoria van 'n B.Sc.-graad in Huishoudkunde met die natuurwetenskaplike vakke as basis vir die Huishoudkunde vakke.

Die studie van die "mens as sosiale wese" het agterweë gebly tot en met die snel ontwikkeling van die sosiale wetenskappe rondom die Tweede Wêreldoorlog. Daarná eers het die klem in Huishoudkunde-opleiding (in die VSA altans) sterk begin verskuif na die "mens as sosiale wese" met 'n beklemtoning van sy behoeftes en die bevrediging daarvan deur voedsel, kleding, behuising en deelname aan die huishouding.

Tans word Huishoudkunde omskryf as "the study of man as a total being, his near environment, and the interaction between them" (Creekmore, 1969, p. 95).

Per definisie sal 'n bestudering van die mens as totaliteitswese onder andere noodsaak dat aandag gegee moet word aan die mens se behoeftes, houdings, persoonlikheid, waardesisteem, lewenstyl en dies meer. Maar, sal u sê, dit is tog die studieveld van die Sosiologie en Sielkunde. Dit is so, ja.

Creekmore se definisie meld ook "die onmiddellike omgewing". Die omgewing kan op verskeie maniere afgebaken word. So sien Fairchild (1965) die omgewing as bestaande onder andere uit die volgende elemente: die fisies-geografiese, bionomiese, sosiale, persoonlik-sielkundige, ekonomiese, politiese, geregtelike en kulturele elemente. U kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

weer sê dat elkeen van hierdie aspekte van 'n mens se omgewing 'n studieveld op sy eie is, en tog werklik nie Huishoudkunde nie. Toegegee.

Die verdere gedeelte van die definisie van Creekmore baken egter die Huishoudkundestudieveld af. Huishoudkunde bestudeer die interaksie tussen mens en omgewing veral met betrekking tot sy voeding, kleding, behuising en huishouding.

Dit is dan in breë trekke, waar Huishoudkunde vandaan kom, waar dit vandag (in die VSA) staan en wat die term beteken.

Die volgende vraag wat aandag verdien, is: "Wat is die oorkoepelende doel met Huishoudkunde-opleïding?"

Soos reeds aangehaal, het Catherine Beecher in 1859 gevoel dat meisies opgelei moet word in "Domestic Economy omdat die moeders nóg die kennis nóg die tyd of neiging/belangstelling gehad het om dit behoorlik te doen. By die Lake-Placid-konferensies (1899-1908) was die algemene konsensus van opinie oor die doel van Huishoudkunde-opleiding: "Homemakers must be educated to apply the findings of science to the problems of the home in order to increase their effectiveness and to contribute ultimately to the welfare of the nation" (McGrath and Johnson, 1968, p. 11).

Hier te lande het mev. M.E. Rothman (1932) in deel vyf van die verslag van die Carnegiekommissie oor die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika, ("Die moeder en dogter van die arm gesin") die doel van opleiding in Huishoudkunde vir die samelewing soos volg gestel:

> "By die welsyn en vooruitgang van arm huisgesinne speel die vrou 'n rol wat nie te hoog geskat kan word nie. Ons sosiale maatreëls behoort dus veel meer betrekking op die vrou te hê om deur haar die hele familie gunstig te beïnvloed. Die moeder van die gesin behoort in 'n stelsel van volwasse opvoeding veel aandag te ontvang. Hulle dien onderrig te word nie alleen in sake soos gesondheid en siekeverpleging en sorg vir die suigeling nie, maar ook in spaarsame huishouding en in die huislike opvoeding van die kinders . . . dit (is) wenslik dat moeders en dogters onderrig ontvang in sake die keuse en toebereiding van verskillende soorte van voedsel . . ." (pp. xv - xvi).

Byrd (1970) sien Huishoudkunde as die studie van die menslike en materiële kragte wat die tuiste en die gesin raak en die **benutting van hierdie kennis tot voordeel van die mensdom.** Die kursiewe frase dui die uiteindelike doelwit van die opleiding aan.

Twee oorkoepelende doelwitte wat deur gesinne voorgehou kan word, is, volgens Liston (1966), die bevrediging van gesinslede se behoeftes binne die beperkinge van die gesinsituasie en die effektiewe funksionering van die huishouding sodat die gesin sy funksies in die samelewing kan verrig. Dit is myns insiens ook die uitiendelike strewe met Huishoudkundige-opleiding, naamlik om dié kennis wat binne die veld



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van Huishoudkunde val, beskikbaar te stel aan gesinne om hul sodoende te help om die basiese menslike behoeftes te kan bevredig, én om deur middel van sodanige kennis by te dra tot die effektiewe funksionering van die huishouding ten einde die gesin in staat te stel om sy funksies in die samelewing doeltreffend te kan verrig.

Dis nodig om op hierdie stadium kortliks aan te toon wát met sogenaamde **basiese behoeftes** en **gesinsfunksies** bedoel word.

Maslow (1959) se klassifikasie van basiese menslike behoeftes sluit die volgende in: fisiologiese behoeftes, sekuriteitsbehoeftes, die behoefte aan liefde en aanvaarding deur ander, die behoefte aan agting en respek vir jouself en vir die self deur ander, en die behoefte aan selfverwesenliking.

Die gesin se funksies kan in algemene, interne en eksterne funksies verdeel word.

Funksies wat in die algemeen deur die gesin verrig word, en wat hoofsaaklik daarop gemik is om die voortbestaan van en ordelikheid binne die samelewing te verseker, sluit volgens Cilliers en Joubert (1966) die volgende in: biologiese reproduksie en instandhouding van individue, maatskaplike en geslagtelike beheer, statusbepaling, emosionele handhawing en sosialisering van die individu.

Leierskap is volgens Bell & Vogel (1960) een van die interne funksies van die gesin. Volgens hierdie skrywers is die ander interne funksies taakverrigting, die skep van solidariteit en integrasie binne die gesin en die internalisering van 'n waardestelsel by gesinslede.

Die eksterne funksies van die gesin is volgens Bell & Vogel (1960) die interaksie van die gesin met die ekonomie, die politieke stelsel, die waardestelsel van die samelewing en die gemeenskap waarin die gesin funksioneer.

Myns insiens is die uiteindelike doelwitte wat met Huisboukunde-opleiding nagestreef moet word, die volgende: Dit moet dien as (i) 'n bydrae tot die mens se kennis, vaardighede, houdings en dies meer wat kan meehelp om die mens se behoeftes binne die gesinsituasie te bevredig; (ii) 'n bydrae tot die doeltreffende funksionering van die gesin in die samelewing.

Tot dusver is twee kriteria geformuleer aan die hand waavan die vraag "Huishoudkunde — waarheen?" beantwoord kan word: die omskrywing van wat Huishoudkunde is en 'n omskrywing van wat die oorkoepelende doelwitte met Huishoudkunde-opleiding is. 'n Derde maatstaf wat gebruik kan word vir die vasstelling van waarheen Huishoudkunde behoort te beweeg, is behoeftes van die samelewing waaruit en waarvoor Huishoudkunde-opleiding verskaf word.

Slegs enkele eienskappe van, en tendense in, die Suid-Afrikaanse samelewing word aangeraak. Uit die aard van die definisie van Huishoudkunde is daar vele ander wat implikasies vir Huishoudkunde het, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ek beperk my tot die volgende: die bevolkingsamestelling, die ekonomiese neigings, verstedeliking, en die toenemende deelname van getroude vroue aan betaalde werk buite die huis.

Die totale Suid-Afrikaanse bevolking is, volgens die 1970 sensusgegewens, soos vervat in die 1975 uitgawe van die **Amptelike Jaarboek van die RSA,** 21,448 miljoen. Persentasiegewys is die bevolkingsamestelling volgens dieselfde sensus: Blankes: 17,5%; Kleurlinge: 9,4%; Asiërs 2,9%; Bantoes: 70,2%. Die RGN voorspel dat die bevolking teen die jaar 2000 46 miljoen sal tel — 'n getalsverdubbeling binne 30 jaar. Die vooruitskatting is verder dat die totale getalle teen die jaar 2000 die volgende sal wees: Blankes: 6,5 miljoen (14,2%); Kleurlinge: 4,2 miljoen (9,4%); Asiërs: 1,2 miljoen (2,7%) en Bantoes 33 miljoen (74%). **(Amptelike Jaarboek,** 1975).

Bevolkingstendense kan ook uit 'n ander hoek beskou word. Daar bestaan demografies vyf fases waardeur 'n bevolking se groei vorder. Die eerste fase is een van hoë geboortes gepaardgaande met hoë sterftes. Al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het reeds deur hierdie fase gevorder. Die tweede fase is een waar die sterftesyfer begin daal, maar met geen gepaardgaande daling in die geboortesyfer nie. Die Bantoes verkeer (volgens Sadie 1971 en 1972) tans in hierdie fase. Só 'n bevolking met groot getalle afhanklike kinders word as jonk bestempel. Die persentasie Bantoemans wat tans in die ouderdomsgroep 0-14 jaar is, is 45,8%. Met die verloop van jare versterk die getalle die opvolgende ouderdomsgroepe, naamlik 15-24 jaar, ensovoorts. Die Kleurlinge is reeds in die derde fase (Sadie 1971 en 1972). Die geboortesyfer is besig om te daal met 'n gepaardgaande laer sterftesyfer. Omdat hulle reeds deur stadium twee is, het dié deel van die Suid-Afrikaanse bevolking ook 'n jong ouderdomsamestelling. Die Kleurlingmans wat jonger as 14 jaar is maak 46% van die bevolking uit en 18% val in die ouderdomsgroep 15-24 jaar. In totaal is 64% dus jonger as 24 jaar. Die Asiërs het reeds die vierde stadium bereik naamlik dié een waar die geboortesyfer en die sterftesyfer verlaag is (Sadie, 1971 en 1972). Die aantal afhanklike kinders is relatief minder terwyl die gedeelte van die bevolking in die ouderdomsgroep 15-64 jaar ongeveer 57% in vergeleke met die sowat 51% van die vorige twee groepe is. Die Blankes is besig om fase 5 binne te gaan (Sadie 1971 en 1972). Dit word gekenmerk deur 'n laer geboorte- as steftesyfer met die gevolg dat die bevolkingsprofiel verouder. Daar is reeds sowat 62% van die Blanke mans in die ouderdomsgroep 15-64 jaar, meer as 5% is ouer as 65 jaar en daar is net sowat 31% in die ouderdomsgroep 0-14 jaar.

Sadie (1972) het die ekonomiese implikasies van bogenoemde tendense in terme van die inkomste van gesinne soos volg geskets: "For each male 14-65 years old there is 1 child under 15 years of age in the case of Whites, 1,31 children in the case of Asians, 1,58 children among Bantu and 1,79 children among Coloureds". U kan self aan die implikasies dink byvoorbeeld net in terme van die finansiële onderhoud van gesinslede, waar inkomste per kapita vir Blankes ook nog boonop hoër is as vir die ander drie bevolkingsgroepe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In 1932 het M.E. Rothman beklemtoon: "by die welsyn en vooruitgang van arm huisgesinne speel die vrou 'n rol wat nie te hoog geskat kan word nie". Dit is vandag nog net so waar. Die bekommernis was in 1932 ten opsigte van die Armblanke. In 1976 het die Blanke se posisie so verbeter dat ons een van die groepe met die hoogste lewenstandaard in die Westerse wêreld is. Daar is egter ook nog dié dele van die Blanke gemeenskap wat nie in die algemene hoë lewenstandaard deel nie. Waar Huishoudkunde algemeen daarvan verdink word dat dit 'n wit-middelklas-oriëntasie het, sal die klem sodanig moet verskuif dat dit al die Blanke sosio-ekonomiese groepe se probleme en behoeftes moet ondersoek en help oplos.

Die Kleurlingbevolking sal binnekort huishoudkundiges hê om na hulle eie behoeftes in dié verband om te sien. 'n Huishoudkunde-kursus sal waarskynlik vanaf volgende jaar aan die Universiteit van Wes-Kaapland in werking tree.

Ook wat die Asiërs se behoeftes betref, is daar reeds begin met die opleiding van huishoudkundiges aan die Universiteit van Durban-Westville.

Daar is egter nog geen opleidingsfasiliteite vir Bantoes op universiteitsvlak in Huishoudkunde nie en dit is teen die beleid van die Departement van Nasionale Opvoeding dat Blanke huishoukundiges voorligting aan Bantoegroepe gee. Mens kan tereg vra: Waar moet die absoluut noodsaaklike hulp dan vandaan kom? As dit belangrik genoeg was dat Huishoudkunde-opleiding in 1932 deur die Carnegiekommissie vir die Armblankes bepleit is, is dit vandag absoluut noodsaaklik dat sodanige opleiding aan die Bantoevrou beskikbaar gestel word.

Daar is in net Transvaal 4,3 miljoen Bantoes in Blanke gebiede woonagtig met 'n groot deel van die sowat 7 miljoen woonagtig in Bantoetuislande, ook binne die grense van Transvaal. John Cecil Rhodes se standbeeld in die Tuine in Kaapstad se vinger wys na die Noorde met die woorde: "Your hinterland lies there". Ons kan ongelukkig nie verder noord wys wat hierdie noodtoestand betref nie. Die vinger wys duidelik na hierdie kampus. Dís waar die Transvaalse Bantoe se heil ten opsigte van Huishoudkunde-onderrig en -opleiding lê.

Hiermee bepleit ek nie die toelating van Bantoevroue tot die Universiteit van Pretoria nie, maar dui aan dat dit die Departement van Huishoudkunde en Dieetkunde aan hierdie universiteit se plig is om kennis in verband met die Bantoebevolking ten opsigte van die dinge wat ons bestudeer, naamlik voeding, kleding, behuising en huishouding te bekom, veral dan met betrekking tot hul houdings, gelowe, waardes en dies meer, wat 'n invloed kan hê op die interpretasie van die beskikbare kennis wat byeengebring is vir hoofsaaklik wit middelklasgroepe. Dit is nodig omdat mens hoop dat dit tog wel moontlik sal word om op een of ander manier te begin met voorligting aan Bantoevrouegroepe, en ook omdat mens hoop dat Huishoudkunde-kursusse aan Bantoeuniversiteite ingestel sal word. Leiding vanuit die Blanke gemeenskap sal in albei gevalle nodig wees en daarvoor moet toekomstige huishoudkundiges wat hier afstudeer, toegerus wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Verstedeliking van die Suid-Afrikaanse bevolking neem steeds toe. Tans woon 86,7% van die Blankes (53,6% in 1904), 74,3% van die Kleurlinge (49,2% in 1904), 86,2% van die Asiërs (36,5% in 1904) en 33,0% van die Bantoes (10,4% in 1904) in stedelike gebiede. Die bevolkingsdigtheid van die verskillende groepe, uitgedruk in persone per $km^2$, is soos volg: Blankes: 152,9; Kleurlinge: 70,3; Asiërs: 25,3 en Bantoes: 234,3. Verstedeliking het sy invloed op die gesin. Enkele gevolge kan genoem word: Groter afstande wat die mens van sy werkplek skei met gevolglike langer ure per dag afwesigheid uit die huis; groter sielkundige stremming as gevolg van byvoorbeeld verkeersdrukte, gedurige kontak met groot groepe ander mense, alleenheid van die vrou by die huis, groter samedromming van mense in kleiner areas, byvoorbeeld hoë digtheidsbehuising, ens. Hierdie invloede het implikasies vir Huishoudkunde-opleiding. Die volgende aspekte behoort onder andere onder die soeklig te kom: die funksies van emosionele handhawing van gesinslede en sosialisering van indiwidue; verdeling van bestuursverantwoordelikhede binne gesinsverband; die inrigting van die wooneenheid op só 'n wyse dat dit maksimaal sal bydra tot byvoorbeeld die emosionele welstand van gesinslede; bestudering van die tuisteskeppingstaak en die gesinslewe sodat dit kan bydra tot die vrou se bevrediging van haar basiese behoeftes, waaronder die sosiale-, ego- en selfverwesenlikingsbehoeftes, binne die tuiste.

Die aantal Blanke vroue wat gedurende die 1970 sensus **(Amptelike Jaarboek,** 1975) ekonomies aktief was, is in absolute getalle, sowel as persentasiegewys, meer as in 1960. Die aantal wat in 1960 buitenshuis gewerk het, was 284 961; in 1970 was dit 430 890. As persentasie van die totale bevolking het dit toegeneem van 9,22% in 1960 tot 11,49% in 1970. Hierdie neiging het tot gevolg dat in Huishoudkunde-opleiding klem gelê sal moet word op die rol(le) van die vrou in die hedendaagse samelewing met die gepaardgaande eise en bevredigings wat elke rol aan die vrou stel en kan bied. Dit mag help dat die besluit van die getroude vrou om te werk moontlik vir haarself en haar gesin meer rasioneel geneem en uitgevoer sal word, ook gesien in terme van die eise wat so 'n stap aan die gesinslede en die huisgesin se hulpmiddele stel en in terme van die verwagte opbrengs wat die vroue se werk tot die hulpmiddele van die gesin (menslike sowel as nie-menslike hulpmiddele) kan maak.

Wat die huidige ekonomiese tendense betref, haal ek 'n gedeelte van Sadie (1976) se hipotetiese begroting vir 1976/77 aan om aan te toon wat die implikasies van die huidige ekonomiese toestande vir die Suid-Afrikaanse gesin is:

> "Die skets van die ongelukkige stand van sake kan as volg voltooi word. Ons bruto binnelandse produk sal waarskynlik, gedeeltelik as gevolg van heersende resessies in die volkshuishoudings van ons handelsvennote, in 1975 en 1976 in totaal met minder as 3,5% toeneem (vir die jaar 1975 was dit 2,2%). Ten gevolge van die verswakking in ons ruilvoet sal ons nasionale inkome tussen 1974 en 1976 na alle waarskynlikheid met ongeveer 3%, dalk selfs meer, af-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

neem. In hierdie tyd sou ons bevolking met byna 5,7% toegeneem het en sal ons gemiddelde lewenstandaard dus in werklikheid 8% laer wees as wat dit in 1974 was.

Ons is armer as wat ons in 1974 was en ons moet dit erken. So eenvoudig is dit. U sou natuurlik geen sodanige verarming in die land kon waarneem nie. Daar is tans, onder andere, 400 000 televisiestelle in huise waar daar geneen in 1974 was nie, en op ons paaie is daar 200 000 meer motors as wat daar 'n jaar gelede was. Die rede hiervoor is dat ons onsself toegelaat het om bo ons vermoëns te leef deur in die buiteland te leen. In 1975 was die betrokke bedrag R1 616 miljoen. Dit impliseer natuurlik dat ons nou, of in jare wat kom, ons lewensstandaard sal moet verlaag ten einde ons skuld te vereffen . . .

As ons nie wil voortgaan nie (of verhoed word om voort te gaan) om gedeeltelik op geleende kapitaal of deur middel van 'n intering op eie kapitaal te leef, sal ons huidige pogings om ons verbruiksvlakke voort te sit slegs die vuur van inflasie, wat reeds fel woed, verder aanblaas. Inflasie is steeds ons nommer een vyand en ons moet dit beveg met alle middele tot ons beskikking. Ons is in staat om te rapporteer dat die koers van toename in die verbruikersprysindeks gedaal het vanaf 'n rekord 15% in die Januarie 1974 — Januarie 1975 tydperk tot 11,5% in die Maart 1975 — Maart 1976 tydperk. Maar dit is steeds veels te hoog en ons moet poog om dit te verlaag tot 6% vir die komende 12 maande en nog verder tot 3% in die jaar wat daarop volg. Hierdie doelwit, tesame met 'n drastiese vernouing van die gaping in ons internasionale rekening, behoort prioriteit bo alle ander te geniet. Daar moet erken word dat hierdie begroting nie 'n alte betekenisvolle bydrae tot die bereiking van die gestelde doelwit kan lewer nie. Die verantwoordelike kragte is te magtig en is grotendeels buite die invloedsfeer van die begroting.

Vir die bekamping van inflasie sal die nalating van sekere dade van net soveel belang wees as die doen van daadwerklike stappe, hetsy van 'n positiewe of negatiewe aard. Die voor-die-hand liggende geneesmiddel, wat terselfdertyd ook sal help met die bekamping van verarming en die betalingsbalansprobleme, is dat elkeen van ons harder, beter en meer doeltreffend moet werk. Dit is 'n middel wat ek heelhartig aanbeveel. Trouens, ten einde dít wat ons nou reeds geniet werklik te kan verdien moet ons harder, beter en meer doeltreffend werk. Dat 'n gemeenskap homself kan verryk deur meer geld aan homself te gee is 'n dwaling — dit is onmoontlik om die arbeidsmag te kompenseer vir hulle verarming deur bloot hulle lone en salarisse te verhoog . . ." (pp. 21, 22).

Hier en oorsee het Huishoudkunde 'n belangrike rol gespeel in die bekamping van moeilike ekonomiese toestande, vanweë die invloed wat dit gehad het op die kennis en houdinge van die vrou. Die vrou is die persoon wat die meeste van die gesin se beskikbare inkomste bestee.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit bly dus noodsaaklik dat sy as verbruiker meer kennis van die ekonomiese situasie waarin sy as verbruiker optree, bekom en ook meer kennis van die resultate van die verbruiker se optrede vir die ekonomie verkry om sodoende die optrede te kan beoordeel.

In die lig van die voorafgaande verwysing na dalende lewenstandaarde sal daar aandag gegee moet word aan dié dinge wat saam as lewenstandaard bekend staan, naamlik die goedere en dienste waarna gestreef word, die waardes betrokke by die verbruik en die omstandighede waaronder geld verdien en bestee word. Die outomatiese aanvaarding by die meeste jong gesinne dat hulle onmiddellik alles moet hê wat die oog sien en die hart begeer, kan deur 'n rasionele ontleding van wat eíntlik nodig is vir die behartiging van 'n huishouding dalk ietwat gewysig word. 'n Beklemtoning in die opleiding van byvoorbeeld die vervanging van een hulpmiddel deur 'n ander óf die meerdoelige gebruik van sekere hulpmiddels, kan daartoe lei dat verbruiksbesteding beter sal aanpas by die beskikbare inkomste van 'n gesin.

Een van die uitstaande kenmerke van vandag se samelewing is die snelle pas van verandering waaraan ons almal onderwerp word. Dis 'n bekende veralgemening en vereis nie verdere toeligting nie, behalwe dat daarop gewys kan word dat die voorafgaande beskrywing van tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing ook voorbeelde van veranderende omstandighede is. Verandering sal dit noodsaaklik maak vir Huishoudkunde-opleiding om nie net tred te hou met nuwe eise nie, maar ook om studente op so 'n wyse te onderrig dat hulle in staat sal wees om aan die eise wat later aan hulle in steeds veranderende omstandighede gestel word, te voldoen.

Uit die voorafgaande kort en geselekteerde verwysing na 'n paar neigings in die Suid-Afrikaanse samelewing en met 'n vlugtige verwysing na enkele implikasies daarvan vir Huishoudkunde-opleiding, kan u al moontlik aflei wat die antwoord op die vraag: "Huishoudkunde — waarheen?" sal wees.

Laat ek saamvat wat tot dusver aangetoon is en wat van belang vir die vraagbeantwoording is.

Per definisie is Huishoudkunde die studie van die mens as totaliteitswese, sy onmiddellike omgewing en die interaksie tussen die mens en sy omgewing.

Die oorkoepelende doelwitte met Huishoudkunde-opleiding is, myns insiens, om die kennis waaroor ons beskik aan persone oor te dra sodat dit kan meehelp om die indiwidu se behoeftes te bevredig, én om die gesin te help om sy huishouding só te organiseer dat dit vir die gesin moontlik is om sy funksies doeltreffend te verrig.

Die samelewing waarin en waarvoor opleiding verskaf word en waarin die gesin funksioneer het duidelike implikasies vir Huishoudkunde-opleiding, soos na aanleiding van enkele voorbeelde vlugtig aangetoon is.

Op die huidige tydstip word daar aan die Universiteit van Pretoria 'n B.Sc.-graad in Huishoudkunde aangebied met die moontlikheid van 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

keuse uit drie hoofrigtings, naamlik Onderwys, Voedsel-Voeding en Kleding-Interieur. Die basiese wetenskappe vir hierdie graad is, soos sedert die beginjare, Chemie, Fisika, Fisiologie, Biochemie en Mikrobiologie. Sommige studente neem ook gedeeltes van Sielkunde-kursusse. Die antwoorde op die vraag: "Huishoudkunde — waarheen?" is:

1. Die instel van 'n sosiaal-wetenskaplike graadkursus in Huishoudkunde, naas die bestaande kursusse, wat daarop gemik sal wees om uitvoering te gee aan die definisie van Huishoudkunde, naamlik die mens as totaliteitswese, die onmiddellike omgewing en die interaksie tussen die twee.

   Om die mens as totaliteitswese te bestudeer, sal Sielkunde en Sosiologie in so 'n kursus ingesluit moet word. Huishoudkundevakke soos Huisbestuur (waarin onder andere aandag aan waardes gegee word), en Gesinstudie sal ook prominent na vore tree.

   Die omgewing wat vanuit ander vakgebiede bestudeer kan word, naamlik die ekonomiese omgewing en die samelewing, sal aandag moet kry en wel deur middel van die insluiting van Ekonomie en Sosiologie.

   Die interaksiegedeelte is die moeilikste. Dit sal 'n nuwe benadering vereis waarin daar gekyk sal moet word na die invloed van die mens op sy omgewing en die invloed van die omgewing op die mens binne die beperkinge wat gestel word deur kleding, voeding, behuising en huishouding.

   Die nuwe rigting wat Huishoudkunde alhier moet inslaan, hoef nie 'n uitklophou aan die bestaande rigtings toe te dien nie. Ek voorsien dat daar met 'n sosiaal-wetenskaplike benadering tot Huishuodkunde heelwat studente uit die humaniora sal kom om die totale getalle uit te brei — iets wat alle werkgewers wat van opgeleide huishoudkundiges gebruik maak, hartlik behoort te verwelkom.

   Benewens bogenoemde voorstelle sal daar gedurig wysigings aan kursusinhoud en vakleerplanne aangebring moet word om met verandering tred te hou.

2. Behalwe dat 'n nuwe rigting in die vooruitsig gestel word, het die personeel van die Departement van Huishoudkunde en Dieetkunde hom, as gevolg van 'n seminaar wat sedert die begin van die jaar aan die gang is oor opvoedkundige doelwitte wat deur die Departement gestel moet word, soos volg verbind:

   In Huishoudkunde en Dieetkunde-opleiding by die Universiteit van Pretoria sal gepoog word om 'n bewustheid en kennis van ander sosio-ekonomiese en kultuurgroepe se behoeftes met betrekking tot behuising, kleding en voeding, naas dié van die Blanke middelklas, te bekom en uit te brei deur aktiewe navorsing en onderrig in dié rigtings.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

3. 'n Derde antwoord op die vraag "Huishoudkunde — waarheen?" is ook reeds op bogenoemde personeel-seminaar in die vorm van 'n doelwit vir Huishoudkunde- en Dieetkunde-opleiding alhier geformuleer, naamlik om studente bewus te maak van verandering en te poog om hul voor te berei op verandering; om studente aan te moedig en te motiveer om tred te hou met verandering; om aan studente basiese kennis oor te dra en hul verder te leer om self te soek na kennis.

4. 'n Vierde antwoord op die vraag "Huishoudkunde — waarheen?" kan gegee word. Ek is oortuig daarvan dat 'n Departement van Huishoudkunde naas die funksies van opleiding van studente en navorsing, ook nog 'n derde en belangrike funksie het, naamlik direkte diens aan die gemeenskap waarin dit funksioneer. Dié diens kan gelewer word in die vorm van lesings, kursusse, en so voorts aan die publiek in die algemeen, en aan sekere groepe wat dit verlang in die besonder, én deur die beantwoording van navrae.
Met die eerste tipe diens, naamlik kursusse en lesings, is reeds voorheen begin deur 'n tweejaarlikse opknappingskursus wat vir Huishoudkundiges gegee word in samewerking met die Pretoria-tak van die SAVDH. Daar is vanjaar ook begin met 'n daglange reeks lesings aan die breë publiek oor 'n aktuele onderwerp. Dié jaarlikse Huishoudkundedag sal hopelik ook nog deel van die tradisie van die Departement van Huishoud- en Dieetkunde aan die Universiteit van Pretoria word.

Die tweede manier waarop diens gelewer kan word, is deur die beantwoording van talle telefoniese en skriftelike navrae deur die publiek aan indiwiduele lede van die personeel óf aan die anonieme "Sekretaris/Geagte meneer"(!) gerig. Die inligting wat verlang word, is soms verbysterend, soos die dou-voor-dag telefoonnavraag: "Wanneer pluk mens ganse?" Die aard van die navrae vereis dikwels heelwat ondersoekwerk van ons kant, dit neem tyd om die antwoord te formuleer soos in die geval van die opstel van 'n spesiale tipe dieet- en maaltydplan, en dit kan op geleë of ongeleë tye op jou lessenaar of in jou oor beland.

Benewens die navrae wat die publiek rig, is daar ook probleme wat gesinne het maar waarmee hulle nie kom nie, moontlik omdat hulle nie besef dat die inligting wat hulle benodig onder "Huishoudkunde" resorteer nie, byvoorbleed hulp met die finansiële beplanning van 'n gesin se inkomste.

Heel dikwels skakel probleme wat op een manier gemanifesteer word met ander problematiese aspekte van die indiwidu of gesin se lewe en waarmee 'n huishoudkundige of dieetkundige behulpsaam kan wees, byvoorbeeld dat swak skoolprestasie dikwels verband hou met verkeerde voedingsgewoontes; of huweliksmoeilikhede wat voortspruit uit oorbesteding deur die man of vrou.
Om die gevraagde en nog-nie-gevraagde hulp doeltreffend en georganiseerd te kan verleen, stel ek in die vooruitsig die daarstel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van 'n Instituut vir Gesinsake wat deur sielkundiges, huweliksraadgewers, sosioloë en huishoud- en dieetkundiges beman en bevrou sal word.

5. En dan laastens: "Waarheen Huishoudkunde?" Hopelik in die nabye toekoms na nuwe en beter fisiese fasiliteite, anders kan ons nie doen wat in die vooruitsig gestel word nie.

Met apologie aan William Shakespeare, bring ek enkele wysigings aan in Antonius se rede by die begrafnis van Caesar (Julius Caesar; derde bedryf; tweede toneel).

"Good friends, sweet friends, let met not stir you up
To such a sudden flood of munity . . .
I come not, friends, to steal away your hearts:
I am no orator, as some men are;
But, as you know me all, a plain blunt woman,
That love my subject; and that they know full well
That gave me public leave to speak of Home Economics:
For I have neither wit, nor words, nor worth,
Action, nor utterance, nor the power of speech,
To stir men's blood: I only speak right on;
I tell you that which you yourselves do know;
Show you the history, definition and goals of Home Economics,
And bid them speak for me . . ."

## SUMMARY

The question, 'Home Economics: where to?' was posed. A survey of the history of the development of Home Economics as a discipline — in the USA as well as at the University of Pretoria — was given as the first step towards providing an answer to this question. The second step comprised an analysis of the definition of Home Economics as a field of study. This analysis stated that Home Economics was the study of man as a total being, of his environment, and of his relation to his environment. It was pointed out that there were certain factors in South African society that have a direct influence on the interpretation of Home Economics as a discipline that satisfies needs and solves problems. These factors included population increase and its financial implications to all groups in South Africa; urbanisation; women in the labour force; and the increased tempo of change.

The answer to the question, 'Home Economics: where to?' was presented in terms of certain goals that the Department of Home Economics had set itself. These goals included an increased emphasis on three aspects: awareness of the needs of all the different groups in South African society; constant research; and active teaching. The aim would always remain to gain a better understanding of the needs and problems of societies and families. In addition, it was emphasised that Home Economics should become closer aligned to the field of Social Science in order to justify the definition of Home Economics at this University as a discipline that studies man as a total being, his environment, and his relation to his environment in his attempts to fulfil his or the family's needs for clothing, food, housing and home-making.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## GERAADPLEEGDE BRONNE


Bell, N.W. & Vogel, E.F. (1960): Toward a framework for functional analysis of family behaviour.
In: Bell, N.W. & Vogel, E.F., eds. A modern introduction to the family. Glencoe, Illinois, The free Press.

Byrd, F. (1970): A definition of Home Economics for the Seventies, JHE **62:** 411.

Cilliers, S.P. & Joubert, D.D. (1966): Sosiologie: 'n Sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-Uitgewery.

Creekmore, A.M. (1968): The concept basic to home economics. JHE **60**: 93.

Fairchild, H.P. (1965): Dictionary of sosiology. Totowa N.J., Littlefield, Adams and Company.

Liston, M.I. (1966): Management in the family group. Unpublished manuscript.

McGrath, E.J. & Johnson, J.T. (1968): The changing mission of Home Economics. Teachers College, Columbia University, Teachers College Press.

Maslow, A.H. ed (1959): New knowledge in human values. New York, Harper and Row.

Quigley, E.E. (1974): Introduction to Home Economics. 2nd ed. London, Collier McMillan Publishers.

Rothman, M.E. (1932): Die moeder en die dogter van die arm gesin. Die Armblanke vraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel v. Stellenbosch, Pro-Ecclesia Drukkery.

Sadie, J.L. (1971): Population and economic development in South Africa. Die S.A. tydskrif vir Ekonomie **39:** 205.

Sadie, J.L. (1972): The costs of population growth in South Africa. Die S.A. tydskrif vir Ekonomie **40:** 107.

Sadie, J.L. (1976): 'n Hipotetiese 1976/77 — Begroting. 'n Spesiale artikel in die Opinie-opnameverslag Mei 1976, nr. 89, Buro vir Ekonomiese Ondersoek. U.S.

S.A. Dept. van Inligting (1975): Suid-Afrika 1975: Die amptelike Jaarboek van die R.S.A. Perskor-Drukkery, Johannesburg.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr. P.C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof. B.F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv. E.H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof. J.H. v.d. Merwe.
5. "Livestock Philosophy" — Prof. J.C. Bonsma.
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof. J.C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958".
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof. H.J.J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof. J.J. Matthee.
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof. D.G. Steyn.
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part 1. — Dr. C.J. Liebenberg.
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types". — Dr. C.J. Liebenberg.
14. "Protective action of Fluorine on Teeth". — Prof. D.G. Steyn.
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr. C.P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. D.M. Joubert.
17. „Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof. P.M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof. A.J.A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria" — Prof. A.P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof. E.B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof. D.J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof. P.C. Snijman.
23. "Freedom — What for" — K.A. Schrecker.
24. "Once more — Fluoridation" — Prof. D.G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof. P.C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof. J.A. Lombard.
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr. C.J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem" — Prof. C.M. Kruger.
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof. D.G. Steyn.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof. Anna S. Pohl.
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof. J.J.N. Cloete.
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof. J.A.E. Leue.
35. „Analitiese Chemie" — Prof. C.J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof. D.J.L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos" — Prof. A.H. van Zyl.
38. "A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1" — Prof. N. Grobbelaar, M.C. van Beyma en C.M. Todd.
39. „Die Messias in die saligsprekinge" — Prof. S.P.J.J. van Rensburg.
40. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964.
41. „Universiteit en Musiek" — Prof. J.P. Malan.
42. „Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof. P.S. Groenewald.
43. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965.
44. „Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof. G. Cronjé.
45. „Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof. D.G. Haylett.
46. „'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966.
48. „Op Soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof. W.A. Landman.
49. „Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof. D.F. Mostert.
50. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967.
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof. Douw G. Steyn.
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof. D.G. Steyn.
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof. H.P. van der Schijff.
54. "Aspects of Personnel Management" — Prof. F.W. Marx.
55. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968.
56. „Sport in Perspektief" — Prof. J.L. Botha.
57. „Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof. J.A. Heyns.
58. „Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof. P.C. Nel.
59. „Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof. M.C.H. Sonnekus.
60. „Kristalhelder Water" — Prof. F.A. van Duuren.
61. „Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr. Gertrud Theiler.
62. „Dr. Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof. P.R. Skawran.
63. „Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof. F.J. du Toit Spies.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

64. „Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M. Prax. Med.) van die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
65. Samevattings van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969.
66. **„Kunskritiek" — Prof. F.G.E. Nilant.**
67. „Anatomie — 'n Ontleding" — Prof. D.P. Knobel.
68. „Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof. F.J. Potgieter.
69. „Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof. P.S. Dreyer.
70. „Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr. G.W. v.d. Merwe.
71. „Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof. W.L. Jenkins.
72. „Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof. J.O. Grunow.
73. "Some Problems of Space and Time" — Mnr. K.A. Schrecker.
74. „Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof. J.P. Oberholzer.
75. Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972.
76. „Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof. D.J. Swiegers.
77. „'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof. J.J. de Klerk.
78. „Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof. C.J. van Dyk.
79. „Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof. J.M.T. Labuschagne.
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan —9Feb 1973.
81. „Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof. R.D. Coertze.
82. „Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof. F.W. Marx.
83. „Bakensyfers vir Diereproduksie" — Prof. D.R. Osterhoff.
84. „Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof. J. Studer.
85. „Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof. J.L. Botha.
86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus.
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
88. "Opleiding in bedryfsekonomie in die huidige tydvak" — Prof. F.W. Marx.
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof. S.R. van Jaarsveld.
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa. A report on a three-day invitation conference: 11 — 13 April 1973.
91. „Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof. L. Peeters.
92. „Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof. P.B. van der Watt.
93. „Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof. J.M.W. le Roux.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

94. Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975.
95. „'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof. G. van N. Viljoen.
96. „Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof. G.N. Louw.
97. „Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966 — 1975".
98. „Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof. P.J. Potgieter.
99. „Inligtingsbestuur" — Prof. C.W.I. Pistorius.
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr. Anton Rupert.
101. "Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie. Verlede, Hede en Toekoms" — Prof. J.G. Duvenhage.
102. "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof. H. Hamersma.
103. Dosentesimposia 1975.
104. "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof. W.J. Kotzé.
105. "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof. J.P. Kriel.
106. "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof. J.D. Loubser.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Pretoria Drukkers

ISBN 0 86979 007 2

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011